

2 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 5

Fokusgedeelte: Psalm 5:12

Jubel oor dit wat vir jou voorlê

Hierdie Psalm is die gebed van 'n gelowige wat vroeg in die môre by die tempel is om te bid. Dis 'n persoon wat bedreig word deur mense. Mense wat vals aanklagtes teen hom inbring. Dit is met daardie kommer in sy hart dat hy voor die Verbondsgod kom staan om sy sorges aan Hom op te dra.

Van die begin tot die einde van hierdie gebed sien ons dat hierdie gebed uit diepe afhanklikheid gebid word. Die Here word aangespreek as "Here", "my Koning" en "my God". Daardie innige verhouding met God word in hierdie aanspreekvorms sigbaar. Hierdie gebede word dus gebid in die vertroue dat daar skuiling by God te vind is teen al die aanslae van die wêreld. Dit is omdat die gelowige dit weet dat Hy in vers 12 kan jubel.

Hy begin deur die hartseer en pyn wat sy vyand aan hom besorg, te uiter, maar hy eindig in 'n loflied. Hy jubel.

Om te kan juig van blydschap, is die voorreg van elke gelowige. In hierdie lewe sal ons dalk hartseer, bang en teleurgesteld wees, maar ons jubeling sal tot in alle ewigheid voortduur. Ons kan jubel omdat ons Verlosser ons reeds van die bose verlos het. Ons kan jubel omdat ons vir ewig verlos sal word van die hartseer en teleurstellings van hierdie aardse lewe.

Kom ons jubel in hierdie dag oor die heerlikheid wat in Christus vir elkeen van ons voorlê.

Sing: Psalm 145:7

Ds PJ de Bruyn (Gobabis)